



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

MODEL 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n bylae van 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord slegs DRIE vrae wat soos volg gekies moet word:

EEN vraag uit AFDELING A
EEN vraag uit AFDELING B
'n DERDE vraag uit AFDELING A of AFDELING B (wat nog NIE beantwoord is nie).
3. Alle diagramme is in die bylae ingesluit.
4. Nommer al jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.
5. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings wat beantwoord word.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Moet NIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.
9. Omkring die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van die ANTWOORDEBOEK.
10. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: FISIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

- 1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – L) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 M.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Abstraksie	A	die koue front smelt met die warm front saam en die warm sektor word vanaf die grond opgehef
1.1.2	Onstabiliteit		
1.1.3	Geroofde stroom	B	'n helling word teen 'n konstante hoek geërodeer
1.1.4	Coriolis-effek		
1.1.5	Eskarpterugwyking	C	lug wat bedags teen 'n helling opbeweeg
1.1.6	Okklusie	D	die baie stadige afwaartse beweging van grond onder die invloed van swaartekrag
1.1.7	Grondkruiping		
1.1.8	Konvergensie	E	die laagste vlak waartoe 'n rivier sal erodeer
1.1.9	Erosiebasis	F	die verlenging van 'n rivierloop as die rivier na sy bron terugwaarts kerf
1.1.10	Anabatiese winde	G	die inwaartse, horisontale vloeï van lug na 'n middelpunt toe
		H	die neiging van lug wat oor die roterende aardoppervlak beweeg om gedeflekteer te word
		I	warm, droë winde wat teen die eskarp afvloeï
		J	'n rivier wat herlei word en water verloor
		K	'n waterskeiding word teruggekerf en deur hoogs eroderende riviere afgeplat
		L	lug wat warmer as die omgewing is, sal aanhou styg

(10 x 2)

(20)

- 1.2 Verwys na die uittreksel sowel as die satellietbeelde van tropiese sikloon Favio in FIGUUR 1.2 en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.2.1 (a) Is tropiese sikloon Favio 'n voorbeeld van 'n laagdruk- of 'n hoogdrukstelsel? (1 x 2) (2)
- (b) Met verwysing na FIGUUR 1.2, gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 1.2.1(a) te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 (a) Wat was die algemene bewegingsrigting van tropiese sikloon Favio? (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 1.2.2(a) te ondersteun. (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom tropiese sikloon Favio in die rigting wat in VRAAG 1.2.2(a) genoem is, beweeg het. (2 x 2) (4)
- 1.2.3 (a) Wat word die kern van 'n tropiese sikloon, wat duidelik op die satellietbeelde sigbaar is, genoem? (1 x 2) (2)
- (b) Noem EEN weerstoestand wat tipies van die kern van 'n tropiese sikloon is. (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom die weerstoestand genoem in VRAAG 1.2.3(b) in die kern van 'n tropiese sikloon voorkom. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 (a) 'Favio is nou 'n aanlandige depressie ...'
Na watter stadium in die ontwikkeling van 'n tropiese sikloon word hier verwys? (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik ten volle waarom die stadium van ontwikkeling wat in VRAAG 1.2.4(a) genoem is, bereik is. (3 x 2) (6)
- 1.2.5 (a) Noem TWEE maniere waarop tropiese sikloon Favio die omgewing beskadig het toe dit oor Mosambiek beweeg het. (2 x 2) (4)
- (b) Verduidelik waarom die behoefte bestaan om goed toegeruste tropiesesikloonwaarskuwingsentrums in Mosambiek op te rig. (2 x 2) (4)

- 1.3 FIGUUR 1.3A toon die lengteprofiel van 'n stroom voordat verjonging plaasgevind het. FIGUUR 1.3B toon die lengteprofiel van dieselfde stroom nadat verjonging plaasgevind het.
- 1.3.1 (a) Die lengteprofiel wat in FIGUUR 1.3A aangetoon word, is dié van 'n gegradeerde stroom. Wat word met 'n *gegradeerde stroom* bedoel? (1 x 2) (2)
- (b) Met verwysing na FIGUUR 1.3A, gee EEN bewysstuk om die stelling te ondersteun dat die lengteprofiel van 'n gegradeerde stroom aangetoon word. (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom 'n gegradeerde stroom 'n konkawe lengteprofiel ontwikkel. (2 x 2) (4)
- 1.3.2 (a) Wat word met die begrip *verjonging* bedoel? (1 x 2) (2)
- (b) Watter kenmerk in FIGUUR 1.3B dui aan dat verjonging plaasgevind het? (1 x 2) (2)
- (c) Gee TWEE redes waarom 'n stroom vanself kan verjong. (2 x 2) (4)
- (d) Is die knakpuntwaterval wat in FIGUUR 1.3B getoon word, 'n voorbeeld van 'n permanente of 'n tydelike erosiebasis? (1 x 2) (2)
- (e) Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.3.2(d). (1 x 2) (2)
- 1.4 FIGUUR 1.4A toon 'n landvorm wat tipies aan Suid-Afrika is. FIGUUR 1.4B toon die proses van massabeweging wat teen die hange van die geïllustreerde landvorm sal voorkom.
- 1.4.1 (a) Identifiseer die landvorm (kenmerk) wat in FIGUUR 1.4A geïllustreer word. (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik met verwysing na die onderliggende rotsstruktuur hoe die landvorm wat in VRAAG 1.4.1(a) geïdentifiseer is, ontwikkel het. (3 x 2) (6)
- 1.4.2 (a) Watter tipe massabeweging word in FIGUUR 1.4B geïllustreer? (1 x 2) (2)
- (b) Verskaf 'n bewys uit FIGUUR 1.4B dat massabeweging plaasvind. (1 x 2) (2)
- (c) Op watter helling, die duikhelling of die skarphelling, sal massabeweging meer waarskynlik plaasvind? (1 x 2) (2)

- | | | | |
|-----|--|---------|---------------------|
| (d) | Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.4.2(c). | (2 x 2) | (4) |
| (e) | Waarom dink jy moet mense van die gevolge van massabeweging bewus gemaak word voordat hulle op hellings bou? | (2 x 2) | (4) |
| (f) | Noem EEN manier waarop hellings gestabiliseer (versterk) kan word om massabeweging te verminder. | (1 x 2) | (2)
[100] |

VRAAG 2

- 2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Primêre sirkulasie verwys na sirkulasie op 'n globale skaal wat binne een halfrond plaasvind.
- 2.1.2 Drukgradiënt verwys na die verskil in lugdruk tussen twee punte.
- 2.1.3 Isoterme is lyne op 'n kaart wat plekke met dieselfde lugdruk verbind.
- 2.1.4 In die suidelike halfrond beweeg lug kloksgewys om 'n hoë lugdruk (antisikloon).
- 2.1.5 Die poolfront vorm waar warm subtropiese lug en koel subpolêre lug ontmoet.
- 2.1.6 'n Akwifer is 'n niedeurlaatbare rots en laat water nie toe om daardeur te beweeg nie.
- 2.1.7 'n Vloeihidrograaf meet hoeveel water verby 'n gegewe punt binne 'n gegewe tydperk beweeg.
- 2.1.8 'n Periodieke rivier is 'n rivier wat slegs in die reënseisoen vloei wanneer dit grondwater ontvang.
- 2.1.9 Rotse wat eenvormig weerstand bied en aan dieselfde tipe verwerking blootgestel word, sal teen verskillende tempo's verweer.
- 2.1.10 Kernrotse is geronde rotse wat blootgelê word nadat erosie plaasgevind het om 'n stapelrots te vorm. (10 x 2) (20)

- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat die drieselrangskikking van sirkulasie in die atmosfeer voorstel.
- 2.2.1 (a) Waarom verwys meteoroloë na 'n drieselrangskikking van sirkulasie in die atmosfeer? (1 x 2) (2)
- (b) Identifiseer die DRIE sirkulasieselle wat onderskeidelik P, Q en R gemerk is. (3 x 2) (6)
- 2.2.2 (a) Waarvoor staan die afkorting *ITKS*? (1 x 2) (2)
- (b) Waar, by X, Y of Z, sal die *ITKS* aangetref word? (1 x 2) (2)
- (c) Gee enige TWEE weerstoestande wat 'n mens by die *ITKS* sal ervaar. (2 x 2) (4)
- (d) Verduidelik waarom die weerstoestande wat in VRAAG 2.2.2(c) genoem is, by die *ITKS* sal voorkom. (2 x 2) (4)
- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3A wat die weervoorspelling vir 15 Mei 2007 toon. FIGUUR 2.3B is 'n deursnit deur die oostelike helfte van die land wat die sonnige toestande by al die binnelandse weerstasies verduidelik.
- 2.3.1 Wat word met die begrip *inversie* bedoel wat in FIGUUR 2.3B getoon word? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Benoem die hoogdrukkel wat met die byskrif *dalende lug van kontinentale oorsprong* geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Waarom ontwikkel 'n *inversie* aan die onderkant van die hoogdrukkel wat in VRAAG 2.3.2 genoem is? (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Met verwysing na FIGUUR 2.3B, verduidelik waarom sonnige toestande vir al die binnelandse weerstasies aangedui word. (3 x 2) (6)
- 2.3.5 Sal die *inversie* wat in FIGUUR 2.3B getoon is, hoër of laer as die huidige posisie tydens die somermaande wees? (1 x 2) (2)
- 2.3.6 Die vertikale posisionele verandering van die *inversie* van winter na somer is van groot belang vir boere op die Suid-Afrikaanse plato. Verduidelik hierdie stelling. (2 x 2) (4)

- 2.4 Verwys na die uittreksel sowel as die foto en diagram van riviere wat in die Hartbeespoortdam dreineer in FIGUUR 2.4.
- 2.4.1 (a) Identifiseer die dreineerpatroon van die Jukskeirivier soos wat dit in FIGUUR 2.4 sigbaar is. (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.4.1(a). (1 x 2) (2)
- 2.4.2 (a) Oorstromings kom algemeen in Alexandra voor. Wat is 'n *oorstroming*? (1 x 2) (2)
- (b) Waarom bou mense steeds huise op die oewers van die Jukskeirivier as die gebied gereeld deur oorstromings bedreig word? (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom daar 'n kort tydsverloop en 'n hoë aflooppiek is wanneer die Jukskeirivier deur Alexandra vloei. (3 x 2) (6)
- (d) Noem enige TWEE gevolge van oorstromings vir die inwoners van Alexandra. (2 x 2) (4)
- 2.4.3 (a) Beskryf die liggings van die rioolplase in verhouding tot die riviere soos dit in FIGUUR 2.4 getoon word. (1 x 2) (2)
- (b) Wat is die gevolge van die bostaande vir mense wat op die oewers van die Hartbeespoortdam woon? (2 x 2) (4)
- (c) Noem TWEE maatreëls wat deur die provinsiale regering ingestel kan word om te verseker dat alle riviere wat in die Hartbeespoortdam invloei, vry van rioolafvalwater is. (2 x 2) (4)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat die vier hangvorme wat met 'n helling geassosieer word, voorstel. Al vier hangvorme word nie noodwendig teen 'n berg of rug aangetref nie.
- 2.5.1 Gee EEN kenmerk van elk van die hangvorme wat in FIGUUR 2.5 getoon word. (4 x 2) (8)
- 2.5.2 Verduidelik waarom al vier hangvorme NIE altyd teen 'n berg of rug aangetref word NIE. (2 x 2) (4)
- [100]**

AFDELING B: MENSLIKE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – L) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.1.11 M.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Bruto binnelandse produk (BBP)	A	betalingsverpligtinge wat voorkom wanneer 'n land goedere invoer of uitvoer
3.1.2	Grondgebruiksones	B	klassifikasie van nedersettings volgens die orde van funksies gelewer
3.1.3	Bruto nasionale produk (BNP)	C	die BBP gedeel deur die land se bevolking
3.1.4	Sentrale plek	D	gemiddelde inkomste van 'n individu in 'n land in 'n gegewe jaar
3.1.5	Handelsbalans	E	gebiede in 'n stedelike gebied wat een hoof funksie het
3.1.6	Reikwydte	F	bepaal die waarde van alle verwerkte goedere en dienste wat deur 'n land se permanente inwoners in een jaar gelewer is
3.1.7	BBP per capita	G	'n nedersetting wat goedere en dienste aan die omliggende omgewing verskaf
3.1.8	Stedelike profiel	H	bepaal die waarde van goedere en dienste wat in een jaar in die land vervaardig is
3.1.9	Betalingsbalans	I	die sy-aansig van 'n stad
3.1.10	Stedelike hiërargie	J	'n opsomming van 'n land se transaksies met die res van die wêreld
		K	die kommersiële en ekonomiese kern van 'n stedelike gebied
		L	die maksimum afstand wat mense bereid is om te reis om van 'n diens gebruik te maak

(10 x 2) (20)

- 3.2 Verwys na FIGUUR 3.2 wat 'n nedersetting tipies aan die Suid-Afrikaanse stedelike landskap toon. Stedelike funksies/dienste van 'n hoë en lae orde word getoon.
- 3.2.1 (a) Wat is 'n *nedersetting*? (1 x 2) (2)
- (b) Is die nedersetting wat hier getoon word 'n landelike of 'n stedelike nedersetting? (1 x 2) (2)
- (c) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.2.1(b). (1 x 2) (2)
- 3.2.2 (a) Onderskei tussen 'n *laeordefunksie* en 'n *hoëordefunksie*. (2 x 2) (4)
- (b) Vanuit FIGUUR 3.2, identifiseer EEN laeordefunksie en EEN hoëordefunksie. (2 x 2) (4)
- (c) Verduidelik die betekenis van die begrip *invloedsfeer* van 'n funksie/diens. (1 x 2) (2)
- (d) Watter een, die bakkery of die hospitaal, sal 'n groter invloedsfeer hê? (1 x 2) (2)
- (e) Verduidelik jou antwoord op VRAAG 3.2.2(d). (2 x 2) (4)
- 3.2.3 (a) Die Star Bakkery is 'n voorbeeld van 'n ligte nywerheid. Wat is 'n *ligte nywerheid*? (1 x 2) (2)
- (b) Anders as 'n swaar nywerheid kan die Star Bakkery naby aan die hospitaal geleë wees. Verduidelik waarom hierdie bakkery nie buite die stad geleë hoef te wees nie. (2 x 2) (4)
- (c) Waarom is dit belangrik vir die Star Bakkery om 'n sentrale ligging te hê? (2 x 2) (4)
- 3.2.4 (a) Met verwysing na FIGUUR 3.2, verduidelik waarom baie mense van die omliggende landelike gebiede na hierdie nedersetting aangetrek word. (2 x 2) (4)
- (b) Verduidelik waarom dit vir die geïllustreerde nedersetting belangrik is om die beweging van mense vanaf die landelike gebiede na hierdie nedersetting te vertraag. (2 x 2) (4)

- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.2 wat verskeie ekonomiese aktiwiteite aantoon wat 'n mens in en rondom die meeste groot stede in Suid-Afrika sal aantref.
- 3.3.1 Vanaf FIGUUR 3.2, identifiseer EEN van elk van die volgende:
- (a) Tersiêre aktiwiteit (1 x 2) (2)
 - (b) Kwaternêre aktiwiteit (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Boerdery-aktiwiteite word buite die nedersetting aangetoon. Boerdery speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling.
- (a) Noem EEN faktor wat die boerderybedryf in Suid-Afrika aanmoedig. (1 x 2) (2)
 - (b) Boerdery kan as 'n kwesbare ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika beskou word. Verduidelik hierdie stelling. (2 x 2) (4)
 - (c) Bespreek kortliks die belangrikheid van boerdery vir Suid-Afrika en die mense van die land. (2 x 2) (4)
 - (d) Alhoewel die werklike uitset van boerdery in Suid-Afrika toeneem, neem die persentasie bydrae daarvan tot die Suid-Afrikaanse BBP af. Verduidelik waarom dit so is. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Water word as een van Suid-Afrika se kritiese hulpbronne beskou. Alhoewel dit 'n hernieubare hulpbron is, kan Suid-Afrika se vars water dalk binnekort opraak.
- (a) Wat is 'n *hulpbron*? (1 x 2) (2)
 - (b) Waarom word daar na water as 'n hernieubare hulpbron verwys? (1 x 2) (2)
 - (c) Verduidelik waarom water as 'n kritiese hulpbron in Suid-Afrika beskou word. (2 x 2) (4)
 - (d) Daar word voorspel dat die aanvraag na water vir huishoudelike en nywerheidsgebruik in die nabye toekoms drasties gaan toeneem. Gee TWEE moontlike redes vir hierdie toename in aanvraag. (2 x 2) (4)
 - (e) Met verwysing na FIGUUR 3.2, identifiseer die tipe elektrisiteit wat deur water opgewek word. (1 x 2) (2)
 - (f) Waarom dink jy word die tipe elektrisiteit wat in VRAAG 3.3.3.(e) genoem word, nie wyer in Suid-Afrika opgewek nie? (1 x 2) (2)
 - (g) Verduidelik hoe behoorlike waterbestuur tot 'n meer volhoubare benutting van Suid-Afrika se skaars watervoorraad kan lei. (3 x 2) (6)

VRAAG 4

- 4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.1.1 'n Landelike nedersetting is 'n nedersetting wat met die platteland geassosieer word en waar die meeste mense by primêre aktiwiteite betrokke is.
- 4.1.2 'n Droëstandplaas-nedersetting is 'n nedersetting wat naby aan 'n groot waterbron geleë is.
- 4.1.3 Stedelike uitbreiding is die vertikale uitbreiding van stede.
- 4.1.4 'n Groengordel is 'n gebied met natuurlike plantegroei wat in en rondom die stad beskerm word.
- 4.1.5 Die beweging van mense van landelike na stedelike gebiede dra tot verstedeliking by.
- 4.1.6 'n Vragverbrekingspunt kom voor waar daar 'n verandering in die vervoertipe plaasvind.
- 4.1.7 Vrystaande nywerhede is nywerhede waarvan die ligging nie sterk deur toeganklikheid tot grondstowwe of afsetgebiede beïnvloed word nie.
- 4.1.8 Intensiewe boerdery kom voor as baie groot stukke grond vir die boerdery-aktiwiteite gebruik word.
- 4.1.9 Sentralisasie van nywerhede vind plaas wanneer swaar nywerhede in die SSK van 'n stad ontwikkel.
- 4.1.10 Interbekken-oordrag is wanneer water deur 'n netwerk kanale, tunnels en damme van een dreineerbekken na 'n ander oorgedra word. (10 x 2) (20)

- 4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 wat die landelike vervalsiklus toon. Verskeie strategieë is ingestel om krimpende landelike nedersettings volhoubaar te beheer.
- 4.2.1 Wat verstaan jy onder die begrip *landelike vervalsiklus*? (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Verskaf DRIE redes waarom jong, aktiewe persone landelike gebiede sal verlaat. Verwys na stootfaktore in landelike gebiede. (3 x 2) (6)
- 4.2.3 Wat word die bogenoemde beweging van mense van landelike gebiede na stede toe genoem? (1 x 2) (2)
- 4.2.4 Watter gevolge hou die bogenoemde beweging van mense vanaf landelike gebiede na stede toe vir klein landelike dorpie in? (3 x 2) (6)
- 4.2.5 MIV/Vigs sal 'n groot invloed op landelike nedersettings in Suid-Afrika hê. Veral die vroue en jong kinders is kwesbaar.
- (a) Waarom is vroue in die landelike gebiede so kwesbaar en watter invloed sal MIV/Vigs op hulle lewens hê? (2 x 2) (4)
- (b) Bespreek hoe MIV/Vigs die lewens van jong kinders in landelike gebiede sal beïnvloed. (2 x 2) (4)
- (c) Noem maatreëls wat ingestel kan word om landelike gemeenskappe wat erg deur MIV/Vigs getref word, by te staan. (2 x 2) (4)
- (d) Wat kan in landelike gemeenskappe gedoen word om die tempo van infeksie van die MIV/Vigs-virus te vertraag? (2 x 2) (4)
- 4.2.6 Local Agenda 21 is een van die volhoubaargebaseerde landelike ontwikkelingsprogramme. Die idee vir hierdie program het by die Aardeberaad wat in 1992 deur Brasilië aangebied is, ontstaan. Local Agenda 21 is 'n aksieplan wat regerings help om volhoubare ontwikkeling in te stel.
- (a) Local Agenda 21 erken die vier beginsels van volhoubare ontwikkeling. Noem enige TWEE van hierdie vier beginsels. (2 x 2) (4)
- (b) Bespreek kortliks hoe die doelwitte van Local Agenda 21 ingestel kan word om in volhoubare ontwikkeling te slaag. (2 x 2) (4)

- 4.3 Die Suid-Afrikaanse regering het in 1995 'n baie ambisieuse program ontwikkel om ekonomiese ontwikkeling regoor die land te bevorder. Hierdie inisiatief word die ROI genoem en is 'n gesamentlike poging tussen die departement van handel en nywerheid en die departement van vervoer. Die Maputo Ontwikkelingskorridor is een van hierdie ROI's. Verwys na die uittreksel en die diagram wat die Maputo Ontwikkelingskorridor in FIGUUR 4.3 voorstel.
- 4.3.1 Waarvoor staan die afkorting *ROI*? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Waarom dink jy het die departement van vervoer by die ROI-programme wat op ekonomiese ontwikkeling fokus, betrokke geraak? (2 x 2) (4)
- 4.3.3 Waarom was dit nodig om tolhekke op te rig om die opgradering van die N4 te finansier? (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Bespreek hoedat die PWV-nywerheidstreek in Gauteng deur die daarstelling van die Maputo Ontwikkelingskorridor bevoordeel is. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Identifiseer enige TWEE van die hoof stedelike kerne langs die Maputo Ontwikkelingskorridor. Dui vir ELK van die genoemde stedelike kerne sy belangrikste bydrae tot die ekonomie aan. (4 x 2) (8)
- 4.3.6 Die daarstelling van die Maputo Ontwikkelingskorridor sal 'n positiewe invloed op Suid-Afrika se handelsbalans hê. Verduidelik waarom dit die geval is. (2 x 2) (4)
- 4.4 Nywerhede lewer 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse BBP. Suid-Afrika se nywerhede is in vier kernnywerheidsgebiede gesentraliseer.
- 4.4.1 Noem enige EEN van Suid-Afrika se vier kernnywerheidsgebiede. (1 x 2) (2)
- 4.4.2 Wat word daarmee bedoel as daar gesê word dat Suid-Afrika se nywerhede *gesentraliseerd* is? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Bespreek enige TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevoordeel. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Bespreek enige TWEE faktore wat tans nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika beperk. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Van watter belang is nywerheids groei vir Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling? (2 x 2) (4)

[100]**GROOTTOTAAL: 300**

BYLAE

Tropiese sikloon Favio veroorsaak talle rampe in Mosambiek!

Roete en Impak

Tropiese sikloon Favio het op 14 Februarie 2007 ongeveer 1 200 km van Madagaskar af in die westelike Indiese Oseaan ontwikkel. Dit het stelselmatig suidwes beweeg en ver van Reunion en Mauritius af verbybeweeg. Teen 20 Februarie was dit net suid van Madagaskar se kus as 'n goed ontwikkelde, volwasse storm.

Tot op hierdie stadium het die stormstelsel hoofsaaklik rondom, maar weg van, bewoonde gebiede beweeg, maar voorspellers was bekommerd oor die gedrag daarvan wanneer dit die warm water van die Mosambiekkanaal sou betree.


Die storm het om die suidelike punt van Madagaskar beweeg en was op pad na die Mosambiekkanaal toe. Favio het 'n herkenbare vorm gehad met spiraalarms wat die kloksgewyse rotasie aangedui het. Die spiraalarms was goed ontwikkel en styf opgewen. Die kenmerkende kern van die storm was slegs gedeeltelik met wolke gevul. Dit was alles kenmerke van 'n goed ontwikkelde, tropiese sikloon.

Tropiese sikloon Favio het die suidelike deel van Mosambiek op Donderdag 22 Februarie 2007 getref en het grootskaalse vernietiging en lyding vir tienduizende inwoners tot gevolg gehad.


Huidige Toestande en Verwagte Ontwikkelings – 23 Februarie 2007

Favio het nou van 'n tropiese sikloon na 'n tropiese depressie verander. Dit is altyd die geval wanneer 'n tropiese sikloon oor die land beweeg. Favio is nou 'n aanlandige depressie. Die maksimum windsnelheid is ongeveer 60 km/h en is besig om stelselmatig te disintegreer.


Satellietbeeld – 20 Februarie 2007




Satellietbeeld – 22 Februarie 2007




FIGUUR 1.2




FIGUUR 1.3



FIGUUR 1.4



FIGUUR 2.2



FIGUUR 2.3

100 000 lewens word bedreig

In die somerreënvalstreke word die lewens van sowat 100 000 mense bedreig. Hulle leef in gevaar omdat hulle in gebiede woon wat aan vloede blootgestel is. Een van hierdie gebiede, met 6 000 inwoners, is 'n informele nedersetting onderkant die oewer van die Jukskeirivier, wat binne die grense van Alexandra net noord van Johannesburg, val.

Inwoners is al meermale gewaarsku teen die gevare om op die oewers van die Jukskeirivier huise op te rig, maar hulle bly daar vanweë die groot tekort aan grond in Alexandra. Daar is vir hulle geen ander heenkome nie. Honderde huise op die rivieroewer is in die verlede weggespoel, maar inwoners word nie daardeur afgeskrik nie en keer terug om weer te bou.


Die FIGUUR wys die Jukskeirivier en ander riviere wat in die Hartbeespoortdam dreineer.

Die Jukskeirivier voer erg besoedelde water na die dam. Die oorsprong van hierdie besoedeling is van rioolafval, huishoudelike afval en reinigingsmiddels wat vanaf Alexandra Township in die rivierwater beland, asook afvalwater van myngebiede en nywerheidsafval van die Kelvinkragstasie en die nywerheidsgebiede van Johannesburg. Daar is ook baie rioolplase langs die riviere wat in die dam invloei. Swaar reëns in 1999, 2000 en 2001 het die




Inwoners van Alexandra lewe in groot gevaar op die oewers van die Jukskeirivier

verlies van talle lewens en huise op die oewers van die Jukskeirivier in Alexandra veroorsaak. Dit is gevaarlik om so naby aan 'n rivier op die vloedvlakte te bou. Die watervlak van die Jukskeirivier styg noord van Alexandra, maar die water kan nie deursyfer nie, vanweë die ondeurlaatbaarheid van die kunsmatige oppervlakte van die beboude gebied. Oppervlakafloop veroorsaak 'n kort aflooperperiode en 'n hoë vloedspits in die rivier waar dit deur die woongebied vloei, wat bydra tot die hewige oorstromings wat daar voorkom.




Riviere wat in die Hartbeespoortdam vloei


FIGUUR 2.4 [Bron: Fokus op Geografie Graad 12, 2001]



FIGUUR 2.5



FIGUUR 3.2




FIGUUR 4.2

Die Maputo Ontwikkelingskorridor

Die Maputo Ontwikkelingskorridor strek vanaf Witbank in Mpumalanga, deur Nelspruit, tot in die hoofstad van Mosambiek, Maputo. Die vervoerrote is die kortste vervoerskadel vanaf Gauteng, die nywerheidskern van Suid-Afrika, tot by 'n uitvoerhawe. Eenhonderden-dertig beleggingsgeleenthede is vir infrastruktuurvoorsiening geïdentifiseer, sowel as vir die landbou-, mynbou-, energie-, chemiese en vervaardigingsektore.

Die belangrikste infrastruktuurprojekte is die N4 Maputo Korridorolpad, teen 'n koste van R1,5 biljoen, die opgradering van die spoorlyn van Ressano Garcia tot in Maputo, die opgradering van die Maputo-hawe (insluitend die skraping van die hawe om dit dieper te maak) en die opgradering van telekommunikasie.



FIGUUR 4.3